



In die Februarie 2022 nuusbrief:

In my ballon - Boekbedinges - Prop die dag vol

In my ballon

- ♥ Die Karoo lyk pragtig. Groen! Soos in Namakwaland, spring blommetjies op tussen die bakstene, in die veld, oral soek hul sonlig.
- ♥ My ouers het vir 3 weke gekuier... 'n voltydse werk met Pa (96jr) en Ma (89). Ek is bevoorreg en ek weet dis geleende en 'n kosbare tyd.
- ♥ Ons gemeente het 'n groot Karoo-Kermis op 5 Maart gehad, en ek was getaak vir reklame. Vir 3 weke was ek konstant besig. As hulle maar weet hoe tragies ek is in boekbemarking. Dis dekselse harde werk.
- ♥ Ek probeer meer professioneel raak met die nuusbriewe, maar sukkel my gedaan om vanaf my website-portaal die nuusbriewe in "bulk" te versprei (amper iets soos chimpmail). Dit sal gebeur. Eendag.
- ♥ Ons was vir 10 dae weg met die karavaan. Ek het nie geskryf nie, maar opgevang met agterstallige opleiding. Daar is soveel oulike artikels; skryfegnieke, bemarking, maar ook ander wat aandag aan die skrywer gee. Sommige laat mens na jou asem snak, soos "Don't bully your acquaintances." Ai julle, as ek doen of gedoen het, vra ek groot verskoning. Jy MAG my asseblief aanspreek of unsubscribe.

Ek bly boekbedinges

Marietjie Vorster, Karoo Apteek: Ek het nou soos 'n os en drie beeste geslaap... Klonte Sout is goed saamgestel...kan indentifiseer met karakters en BOEIEND..Dit is hoekom dit deur die nag was... jou beste een.

Lizelle Kruger: Wanneer jy spesiale tjoklits gekry het, jy bêre dit diep agter in jou kas en jy haal nou en dan een uit. Jy suig hom stadig dat hy nie opraak nie. So is ek oor jou boeke. Ek mag elke dag net 'n klein stukkie lees dat ek nie te vinnig by die einde

kom nie. Ek wens jy het al so baie boeke dat ek elke maand 'n nuwe boek van jou lees. Hierdie een is kwaliteit.

Dankie vir al die terugvoer oor Klonte Sout. Skryf is my passie, maar ek skryf ook vir jou. Sonder 'n leser, help die skryf nie veel nie, nè.

Wat is volgende?

Ek's besig om Klonte Sout in Engels te vertaal. Elsabé... plaasmeisie... Engels? Daar is baie hulpmiddels, die uitstekendste is my eie Anthonie wie in Engels skoolgegaan het. Hy het my jare terug al aangemoedig om ook in Engels te skryf. Dit is nogal interessant hoe ek die boek moet aanpas, omdat ek hoop om dit by 'n uitgewer in VSA te publiseer. Die storie gaan afspeel in Tampa, Florida, VSA. My karaktername moet verengels. Gelukkig het ek 'n nefie in die VSA wat help. Hulle sal die finale produk deurlees om seker te maak eg-Suid-Afrikaanse vergelykings of gebeure hak nie vas in die boek nie. Dis opwindend! Dit gee my energie.

My manuskrip ONTFROMMEL is klaar. 'n Teksredigeerder/proefleser het die baba beetgehad. Ek is besig om daardeur te werk voordat ek dit na my beta-lesers stuur vir insette.

Prop die dag vol

Ek kla by Anthonie: "Die lewe gaan te kort wees vir alles wat ek nog wil doen." Hy reken ek kan sy jare maar vat, dan het ek genoeg tyd. Ja, nè. Die lyf sal net moet byhou.

My kookpot stoom; ek moet aandag gee aan bemerking (ek's nou op Instagram ook!), ek moet die webwerf opdollie, baie skrywers adverteer op Tiktok en Pinterest... dis baie nuwe goete wat ek moet leer. Saam met dit, moet ek elke dag ten minste 'n paragraaf skryf om my vreugde-vir-die-dag te voed. Ledigheid in die Karoo... dit bestaan nie.

En jy?

Wat lees jy? Watter genré?

Het jy 'n Kindle of 'n Kindle-app op jou foon. Baie skrywers stel hul boeke gratis beskikbaar vir 'n dag of twee. Jy kan op Amazon daarna soek, in die genré wat jy verkies. Jy kan ook met al jou voorkeure op BookBub registreer. Ek kry daagliks 'n lys van boeke teen baie lae pryse of gratis. Probeer dit, as jy 'n boekwurm is soos ek. Lees is my bederfie elke aand voor ek die lig afsit.

Liewe vriend/in: JY maak vir my saak. Dankie vir jou ondersteuning. Skryf vir my, los 'n stem- of skryfboodskap op my foon. Ek hoor graag van jou.

Indien jy nie meer die nuusbrieff wil ontvang nie, reply met Unsubscribe. Jy hoef nie 'n rede te gee nie.

Groetnis!